

# Die bende van die duiwel (Bose Geeste)

## Die bende van die duiwel (Bose Geeste)

Is daar bose geeste? Die Bybel sê daar is magte en invloede en gebeure wat nie goed is nie, om dit nou maar sagkens te stel. Om die waarheid te sê, dit is boos en dit beïnvloed ons almal.

Om dit te verduidelik gebruik die Bybel 'n beeld van 'n koning of prins wat oor 'n koninkryk regeer. Hy het somer baie name. In Johannes (12:30-31) word die leier of duiwel byvoorbeeld die "prins/leier van hierdie wêreld" genoem en op ander plekke die slang van ouds, die draak of ook somer Satan (Openbaring 12:9).

Om jou te kan voorstel hoe die Satan en sy magte werk, moet jy dink aan 'n leier wat in 'n koninkryk regeer. Die leier het baie helpers/diensknegte, die demone en bose geeste, wat hom op verskillende maniere in sy koninkryk moet dien, help en bystaan. So is die duiwel die leier van groot groepe demone, bose geeste en so aan. Elkeen van hierdie demone of geeste het sy eie werk en dit is beslis nie om goed te doen of soet te wees nie. So lees ons soms in die Bybel van bose geeste, ander kere van demone of van die duiwel self. Bose geeste is dus die anti-goddelike magte wat God se saak in die wêreld probeer verongeluk. En een van die hoof slagvelde tussen God en Satan is tussen en in mense. Daar word om mense se lojaliteit en siele geveg.

In die lig moet ons ook die opmerkings in die Bybel sien dat Jesus oorwin het. Dit was twee magte wat mekaar die stryd aangesê het en die Here Jesus het gewen. Nou is daar nog so bietjie weerstand van die duiwel se kant, maar hy het klaar verloor.

**Boek:** *Geloof in Aksie-Bybel*

**Skrywers:** [Prof Jan van der Watt](#), [Dr Stephan Joubert](#), [Dr Johan Smith](#)

**Uitgewers:** [Christelike Uitgewers Maatskappy](#)